

Hoofstuk van die dag: Markus 12

Jesus antwoord hom: “Die eerste is: ‘Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.’ Die tweede is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Geen ander gebod is groter as dié twee nie.” (vers 29-31)

Ons het Jesus se antwoord oor die grootste gebod al soveel keer gehoor dat ons dit nie eintlik meer hoor nie. Of dalk hoor ons dit, maar leef ons dit nie.

Ek dink dis nou ’n goeie tyd om weer ’n keer diep oor Jesus se woorde na te dink. Is jou lewe, jou fokus, jou passie, jou drome só volledig op God gerig soos wat Jesus ons hier leer? Maak vandag tyd om dit voor die Here uit te maak. Waar is jou hart regtig?

En as jy dit by God uitgeklaar het, dink weer oor die implikasies van om jou naaste lief te hê soos jouself. Dit beteken mos dat jy jouself in jou naaste se skoene moet plaas en dink wat sal vir hom of haar goed wees.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026